# DOEN JOU HUISWERK OOR TELERS

**deur Monique de Jager**
*DIEREGEDRAGSKUNDIGE (DipCABT) C.C.A.B*



**Vir ons Afrikaanse Lesers**

# Verantwoordelike teler of teel vir eie gewin?

Die besluit om 'n hond in jou lewe te verwelkom, is een wat met sorg en deeglike oorweging geneem moet word. 'n Hond is 'n lewenslange verbintenis. Dit is nie 'n impuls aankoop nie. Een van die belangrikste stappe in hierdie proses is om te verseker dat jy jou nuwe metgesel van 'n verantwoordelike, etiese teler kry. Baie mense is egter nie bewus van die groot verskil tussen 'n etiese teler en 'n sogenaamde agterplaas-teler nie en dit is juis hierdie onkunde wat agterplaas-telers in staat stel om te floreer.

Volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek is 'n teler iemand wat honde teel of voortbring, maar die manier waarop dit gedoen word, maak 'n groot verskil. In hierdie artikel tref ons onderskeid tussen hierdie twee tipes telers, waarom dit so belangrik is om goeie keuses te maak en help jou om die koring van die kaf te skei wanneer jy na jou volgende troeteldier soek.

## WAAROM MOET JY AGTERPLAAS TELERS VERMY?

Die ondersteuning van agterplaas-telers het verreikende gevolge. Nie net vir die individuele hond wat jy koop nie, maar vir die hele ras en die breër hondewelsyn-gemeenskap. Wanneer 'n koper by 'n agterplaas-teler koop, skep hy of sy 'n finansiële aansporing vir hierdie persoon om aan te hou teel sonder die nodige kennis, hulpbronne of toewyding. Dit is 'n kringloop wat diere laat ly.

Agterplaas-telers doen gewoonlik geen gesondheidstoetse op hul teeldiere nie. Dit beteken oorerflike siektes soos progressiewe netvliesatrofie (PRA), heupdisplasie, hartafwykings en verskeie ander genetiese toestande ongesiens van geslag tot geslag oorgedra word. Die koper eindig dikwels met 'n hond wat op ‘n jong ouderdom siek word en die veeartsrekeninge ver oorskry die aanvanklike aankoopprys. Die emosionele pyn van 'n siek of sterwende troeteldier word dikwels onderskat.

Tewe by agterplaas-telers word dikwels geteel op elke siklus. Dit het ernstige gevolge vir die teef se gesondheid en welstand. Sonder behoorlike voeding, mediese sorg en rus tussen werpsels, verswak hierdie diere oor tyd. Verder word hondjies soms te vroeg van hul moeders weggeneem. Dit het ‘n direkte nadelige impak op hul sosiale ontwikkeling en gedrag. Hierdie hondjies toon dikwels angs, aggressie of ander gedragsprobleme in hul volwasse lewe.

Die gebrek aan 'n stimuleringsprogram in die vroegste weke van 'n hondjie se lewe het ook 'n blywende uitwerking. Etiese telers stel hondjies doelgerig bloot aan verskillende klanke, teksture, mense en ervarings. Dit is 'n proses wat hul breinontwikkeling bevorder en hulle meer aanpasbaar en selfversekerd maak. Agterplaas-hondjies mis hierdie kritieke venster van verryking, wat dikwels lei tot angstige of onder gestimuleerde volwasse honde.

Nog 'n ernstige bekommernis is die onbeheerde teling wat bydra tot rasontaarding. Wanneer telers slegs op kleur, uiterlike eienskappe of markgewildheid fokus sonder om aandag te gee aan temperament, gesondheid en rasstandaarde, ly die betrokke rasse op die lang duur. Dit is 'n proses wat oor geslagte heen sluipend plaasvind, maar uiters skadelik is. Verantwoordelike telers, daarenteen, werk doelgerig om die standaard van hul ras te handhaaf en te verbeter.

Dit is ook belangrik om te beklemtoon dat agterplaas-teling in baie gevalle inbreuk maak op die Wet op Dierbeskerming (Wet 71 van 1962), sowel as munisipale verordeninge rakende die getal diere wat op 'n erf gehou mag word. Deur by sulke telers te koop, ondersteun kopers, dikwels onwetend, bedrywighede wat onwettig kan wees. Die bewuste verbruiker het die mag om hierdie praktyk te ontmoedig deur sy of haar koopkrag verantwoordelik te gebruik.



# MAAK 'N INGELIGTE BESLUIT

Geen lys kan volledig wees vir elke situasie nie, maar as jy tydens 'n besoek of gesprek met 'n teler 'n ongemaklike gevoel kry dat iets nie pluis is nie, is dit die moeite werd om dieper te delf voor jy 'n besluit neem. Jou intuïsie is dikwels 'n betroubare raadgewer.

Onthou: 'n verantwoordelike teler sal nooit druk uitoefen om vinnig te besluit, of afslag aanbied as jy twee hondjies koop nie. Hulle is trots op hul werk en verwelkom vrae. Hierdie telers wys graag die omgewing waarin die hondjies groot word en verwelkom vrae oor die teelouers se gesondheidsrekords. As 'n teler huiwer om die inligting te deel, is dit 'n rooi vlag om op ag te slaan.

As ingeligte honde-eienaars en liefhebbers het ons almal 'n verantwoordelikheid in die bevordering van etiese teling. Deur slegs by verantwoordelike telers aan te koop, stuur ons 'n duidelike boodskap: die welsyn van diere gaan voor finansiële wins. Saam kan ons 'n kultuur skep waar honde met die sorg, respek en liefde behandel word wat hulle verdien, van geboorte af.

KRY DIE VERGELYKENDE OORSIG OP DIE VOLGENDE BLADSY

*Besondere dank aan Mochavulin Golden Retrievers vir hul insette en bydrae tot hierdie artikel.*




| ETIESE TELERS | AGTERPLAAS TELERS |
|---|---|
| Teel vir verbetering en volhoubaarheid van die ras | Teel vir eie finansiële gewin |
| Waarskynlik by KUSA geregistreer en betrokke by die ras se klub in SA | Ongeregistreer en onbetrokke by die ras se klub |
| Alle honde is op datum met inentings, ontwurming, vlooi en bosluis protokol | Inentings, ontwurming en vlooi protokol word nagelaat |
| Maak klein hondjies in 'n stimulerende huis omgewing groot | Maak hondjies buite in 'n kamp/hok groot |
| Neem deel aan honde skoue om hulself te vergelyk met eweknieë | Neem nie deel aan skoue nie |
| Hou rekords van mediese verslae, temperament en volwasse honde | Rekord houding tekortkominge |
| Tewe kry net 3-4 werpsels | Tewe kry elke rondte kleintjies |
| Laat hondjies eers op 8 weke na hul huise gaan | Hondjies kan al vroeër na hul huise gaan |
| Voldoen aan die Wet op diere beskerming Wet 71 van 1962 en munisipale bywette | Slaan nie ag op die wette nie |
| Teel gewoonlik net met een ras | Het gewoonlik meer as een ras |
| Inteeltkoëffisiënt laer as 5% | Het gewoonlik nie 'n idee wat die vlak van inteling is nie |
| Volg 'n stimuleringsprogram om hondjies op spesifieke ouderdomme aan gepaste klanke, teksture ens bloot te stel. | Volg geen stimulering of verrykingsplan nie |
| Higiëne word gehandhaaf en hondjies slaap en urineer op verskillende plekke | Slaap en urineer in dieselfde area. Higiene is nie op standaard nie |
| Doen basiese temperament toeste op hondjies en plaas hul in gepaste huise | Laat kopers kies en gee soms ook twee hondjies aan dieselfde gesin. |
| Lewenslange ondersteuning en neem honde terug indien nodig | Stel nie belang in langtermyn verhouding nie en neem nie die hond terug nie. |
| Is deursigtend met besoeke verwelkom veilige interaksie of virtuele besoeke | Is ongemaklik met gaste wat wil besoek |
| Doen die nodige DNA toeste soos bv: PRA1, PRCD, ICH (1 & 2) | Doen geen mediese toetse op die honde. |
| Hondjies kry verksillende bakke en hoë gehalte kos, spesifiek vir klein hondjies | Hondjies eet uit een bak – gewoonlik lae gehalte kos, soms kos vir volwasse honde. |
| Het nie altyd hondjies beskikbaar nie, waglys metode | Het baie meer gereeld werpsels beskikbaar |
| Teel vir 'n gebalanseerde hond, nie net 'n spesifieke kleur/eienskap nie. | Gefokus op spesifieke kleure, geld en vinnige verkope |
| Daar is 'n koopkontrak betrokke met teel beperkings | Geen kontak en jy kan gewoonlik met die hond teel vir eie gewin |